Rietvallei

Kokoriba 17- 19 Mei 2024

Donderdag middag het ons by Kokoriba aangekom en kon ons, soos die liedjie sê: "Hier's ons weer, hier's ons weer, met ons waentjie voor die deur!" Dit was heerlik om alreeds van Donderdag af by die kamp te wees en kon ons die aand 'n lekker worsie braai saam met die Seniors en aan Elmarie se verskeidenheid van brood en konfyte kon geniet. Daar was genoeg om 'n hele peleton honger weermagmanne versadig te maak!! Die meeste waens wat vir die naweek bespreek het, was al teenwoordig.

Ons kon ook besoekers verwelkom by name John en Sharon Parrot.

Vrydag het het die laaste twee waens opgedaag. Ongelukkig kon Bertus en Dalena, weens siekte, nie Vrydag kom nie en het hulle Saterdag gearriveer. Dalena was maar nog onder die weer en het haarself eenkant gehou.

Vrydagaand se boekevat het gehandel oor die naweek se tema "die wapenrusting van God" en Klaus het Efesiërs 6:11 gelees. Omdat ons baie lanklaas as kampkoördineerders opgetree het was ons nogal bietjie skrikkerig vir Vrydagaand se Hamburger self-bou ete. Tog het alles vlot verloop en het die Rietvalleiers gesmul aan hulle eie "geboude" hamburgers! Dankie aan André en Wilna wat ingespring het en ook 'n handjie bygesit het. Omdat Rietvalleiers nie sommer kla nie, het ons baie komplimente gekry, vernaamlik vir die ekstra dik patties!!

Saterdag was, soos gewoonlik, 'n rusdag op die program. Die oord verleen hom tot stap en het Frans die stappers genooi om die oggend saam te stap. Die oord bied

ook fasiliteite soos swem, fietsry, minigolf, tafeltennis en TV-kamer. Die restaurant verskaf ontbyt, middag etes en sal ook aandetes op versoek voorsien. 'n Groot belangstelling onder ons manne was om nader kennis te maak met die kampers van 'n motorryhuis klub wat ook by Kokoriba gekamp het. Enkele van ons het nogal gewonder of dit nie 'n lekkerder manier van kamp kan wees nie?? Saterdagaand het ons 'n buurmanbraai gehou en tot laat gekuier.

Sondagoggend se diens, was 'n opname van Dr Raymond Lombaard se preek wat gehandel het oor Judas Iskariot. Dankie vir Hennie se kennis van die klankstelsel, wat gehelp het dat almal die boodskap kon hoor. Hierna het Frans die uitdeling van aansporingplaatjies en die afsluiting hanteer.

Soos gebruiklik, het ons later saam gekuier oor 'n lekker koppie tee, koffie of koeldrank met vingerhappies, koekies, southappies ens. Net 'n paar waens het toe huistoe vertrek, maar die bittereinders het eers Maandag oggend vertrek. Dis tog te lekker om jou eie baas te wees!

Kampkoördineerders:

Anet en Klaus Lübbert

"A journey of a thousand miles begins with a single step ....."